

Die genade van skuldvergifnis roep om genade

Die vyfde bede van die “Ons Vader”-gebed, “*Vergeef ons ons skulde ...*”, is ’n lering deur Jesus Christus om in skuldbesef oor sondeskuld telkens weer, ter wille van sy versoeningswerk – verbind aan sy koms na die aarde met sy geboorte – van God te vra om al ons sondes te vergewe.

Hierop volg die verdere deel van hierdie bede: “... *want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree*” (Luk. 11:4; Matt. 6:12: “... *soos ons ook dié vergewe wat teen ons oor-tree*”). Beteken dit dat ons skuldvergewing ’n pleitgrond vir God se vergifnis aan ons kan wees? Of nie?

In: “*want*”, en: “*soos*” (en nie: “*omdat ons ook elkeen vergewe ...*”) is óns skuldvergewing nie ’n voorwaarde vir skuldvergewing deur God nie. Die enigste pleitgrond om skuldvergifnis is die soenverdienste van Jesus Christus. Maar “*omdat*” God ter wille van die bloed van Jesus “*al ons misdade*” vergewe, plaas die Here Jesus ons deur die bede om skuldvergifnis op die spoor daarvan om dié wat teen ons oortree, van harte te vergewe.

Duidelik word dit by ons ingeskerp in die teendeel van die gelykenis van die onbarmhartige amptenaar. ’n Amptenaar het ’n koning miljoene rand geskuld. Al sy skuld is hom genadiglik afgeskryf, maar genadeloos het hy geweier om ’n medeamptenaar se skuld van ’n paar rand kwyt te skeld. In die afloop hiervan, en Jesus se waarskuwende toepassing daarvan in vers 35, is dit duidelik waarom dit in die bede “... *soos ons ons skuldenaars vergewe*”, gaan. Uit genade skryf God ons baie sondes af. Genade aan ons bewys roep om genade aan hulle wat teen ons oortree.

“*Arme sondaars*” ... is dit geensins in erkenning en belydenis voor God ter sprake nie: Nog nooit onvergewensgesind en onversoenlik opgetree nie? Miskien wel al vergewe, maar nie van harte nie?

Ook hiervoor word ons deur die bede om skuldvergifnis geleer om te bid: “*Vergeef ons ons skulde ...*” Ons vra die Vader om ons daarin te help om te vergewe as “*bewys van sy genade in ons*”.

Sing: *Psalms 86-1:6*

Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Kempton Park)